

29 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 37:1-38:6

Fokusgedeelte: Jeremia 38:5-6

Die oop put en die toe graf

Jeremia word in 'n put gegooi waar hy in die modder wegsak. Hoe diep die put was word nie gesê nie, maar dat dit hom van die wêreld, sy geliefdes en die lewe afgesluit het, was gewis. Hy sou seker nie kon sit nie, want dit sou sy dood beteken het. Die benoudheid wat hy in hierdie moddergraf ervaar het was sekerlik nie gering nie. Hy sou sterf sodra sy kragte hom verlaat en die moegheid hom in die modder laat wegsink het. Jeremia het die dood in die gesig gestaar, maar Jesus Christus sy Sender en Koning het die dood werklik in die volle sin van die woord ingegaan. Jeremia sien die ligkol bokant hom wat vryheid en verlossing beteken, terwyl Jesus Christus die smart van die hel ervaar het. Die put was oop en Jeremia kon die uitpansel bo hom sien. Daar was steeds uitsig na bo, na die hemel waar sy Vader woon. Hy kon nog bid. Op Golgota was die hemel egter toe. Daar was geen uitsig na die hemel en God vir Jesus Christus nie. Die duisternis het om Hom toegesak en Hy was deur God en die mense verlaat. Maar God sy dank, juis deur die duisternis wat Jesus Christus gely het, skyn daar vir Jeremia en elke kind van die Here 'n helder en ewige lig.

Sing: Skrifberyming 27:2

Ds DL de Beer (Emeritus)